

Anthony Brink bied nie net 'n volledige kroniek van 'vigs' se bewoë geskiedenis in Suid-Afrika tot dusver nie, maar doen dit ook met die agterdog wat so 'n onderneming by uitstek vereis. Die resultaat is 'n meedoënlose aftakeling van die geloofwaardigheid van die vigs-industrie in Suid-Afrika en wêreldwyd: skrikwekkende vigs-statistieke, die besonge deugde van vigs-middels, die betroubaarheid van vigs-toetse, die veronderstelde oorsaaklike rol van 'MIV', selfs die vanselfsprekende bestaan van laasgenoemde – dit alles kom onder vuur op 'n manier wat die leser se asem wegslaan. Maar Brink graaf nog dieper deurdat hy aantoon hoekom die wetenskaplike argumente (wat hy meesterlik uiteensit) uiteindelik nie die deurslag in die vigsdebat kan gee nie. Die rede? 'n Ideologie wat sigself as 'liberaal' voordoen, maar in werklikheid 'n diepliggende rassisme verraaï waarvolgens Afrika nie anders kan as om onder te gaan as witmense en hul belange nie die botoon voer nie. Brink speel dus nie net wetenskaplike nie, maar ook sosiale kritikus en politieke ontleder op 'n uiters skerpsinnige manier en in 'n styl wat ook vir die literêre fynproewer plesier verskaf. Die boek is propvol humor, maar terselfdertyd skokkend en ontstellend omdat dit heilige koeie behoorlik slag en 'n hele paar vigs-heiliges van opvallende horings voorsien. Ek kan 'Just say yes Mr President' nie sterk genoeg aanbeveel nie. Dit is 'n waardige opvolg op sy vorige meesterstuk, 'Debating AZT', wat in vergelyking hiermee nie veel meer as 'n oefenlopie is nie. Mag hierdie boek die aandag kry wat dit verdien en die verontwaardiging uitlok waarop dit uit is.

Gerrit Brand, post-doctoral fellow, Department of Philosophy,  
Stellenbosch University.